VORM JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van Transportakte Nommer T10115/2004 gepasseer deur

KURATORS IN DIE INSOLVENTE BOEDEL VAN
WYLE ADAM VALLY AHMED
NOMMER K 48/99

ten gunste van

TRUSTEES INDERTYD VAN DIE
NABIPUR CHILDRENS TRUST
NOMMER IT4245/99

ten aansien van sekere

ERF 219 CARNARVON
GELEË IN DIE KAREEBERG MUNISIPALITEIT
AFDELING CARNARVON
PROVINSIE NOORD-KAAP
GROOT: 799 (Sewe Honderd Nege en Neëntig)
VIERKANTE METER

wat verlore geraak het of vernietig is.

Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te **KIMBERLEY, h/v Knight- & Steadstrate, Kimberley, 8301, Privaatsak X5026, Kimberley, 8300** binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

GEDATEER TE KIMBERLEY OP HEDE DIE 14de DAG VAN JUNIE 2024

AANSOEKER

Per adres ENGELSMAN MAGABANE INC.
BLOK E. BISHOPS PARK, BISHOPSLAAN 9,
LABRAM, KIMBERLEY, 8301

TEL: (053) 832 8134

VERW: MNR GREEFF/EC/THE182/0001

ENVIROAFRICA NC

## NEMA PUBLIC PARTICIPATION PROCESS

## PROPOSED NEW SCIENCE EXPLORATORIUM ON ERF 431, CARNARVON, KAREEBERG LOCAL MUNICIPALITY, NORTHERN CAPE

Notice is hereby given of the intention to submit an application, and the public participation process in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998), as amended ("NEMA"), Environmental Impact Assessment (EIA) Regulations, 2014 (as amended). The proposed new Science Exploratorium falls within the ambit of the following activities listed in terms of the EIA Regulations 2014:

Government Notice R327 (Listing Notice 1): Activity No. **12, 19, 27, 28** Government Notice R324 (Listing Notice 3): Activity No. **4, 5, 6, 12**

★ *Please note that the listed activities above may change during the course of the application. Registered I&APs will be notified of any changes.*

A Water Use Licence Application (WULA) in terms of the National Water Act, 1998 (Act 36 of 1998) may also need to be applied for.

**Project Description**:

EnviroAfrica NC has been appointed by the Department of Economic Development and Tourism to manage the process of applying for Environmental Authorisation for the proposed new Science Exploratorium in Carnarvon, Northern Cape. The new buildings associated with the proposed Science Exploratorium will comprise the following:

- ★ Circular, main Science Exploratorium Building on the southeastern quadrant of the site, comprising the main planetarium or auditorium with related research rooms, ablutions and interest areas on the southern half, with the outdoor amphitheatre on the north;
- ★ Accommodation hostels on the northeastern side of the site;
- ★ Parking areas to the west and southwest of the planetarium building, and
- ★ Stalls for crafts and retail on the southern and eastern sides of the planetarium building.

**Property Location;**

The proposed development will be located on Erf 431, Carnarvon, Northern Cape: 30°58'1.40"S; 22°7'25.28"E

**Public Participation:**

Interested and Affected Parties ("I&APs") are hereby notified of the intention to submit an application for environmental authorisation for the above-mentioned development proposal and are invited to register (in writing) as a stakeholder. In order to register or submit comment, I&APs should refer to the name of the proposed development, and provide their name, address and contact details (indicating your preferred method of receiving notification) and an indication of any direct business, financial, personal, or other interest which they have regarding the application, as per the statutory requirements of the Environmental Impact Assessment (EIA) Regulations (2014, as amended) published in terms of the National Environmental Management Act (Act 107 of 1998) (NEMA). You are also requested to pass this information on to any person that you think should be interested/notified. Comments regarding the proposed development, should be submitted to EnviroAfrica NC on or before **02 August 2024.**

Please note that only **Registered I&APs** will be notified of the availability of reports for public viewing, the outcome of the application, the reasons for the decision and that an appeal may be lodged against the decision.

*By registering as an I&AP, you therewith give EnviroAfricaNC the permission to circulate your name and contact details to the relevant parties as stated, per statutory requirements, in line with the Protection of Personal Information (POPI) Act No. 4 of 2013 (as amended), unless otherwise informed, in writing to us.*

*Note: A full list of registered I&APs as well as all correspondence with I&APs will be submitted to the competent authority.*

**Please submit all information and comments as follows:**

Consultant: EnviroAfrica NC
E-mail: info@enviroafrica.co.za
Tel: 021 851 1616 Fax: 086 512 0154
P.O. Box 5367, Helderberg, 7135

## BY RPO KONGRES

ONDER boere wat die RPO kongres bygewoon het is Ernst Kotze, Nieuwoudtville, Jacques Strauss, Dirk van Rooyen en Gert Esterhuyse almal van Calvinia en Callie van Zyl van Loeriesfontein. – KduP.



## 90 Jaar gelede

NOORDWESTER: 1943. Die Stadsraad het besluit om 'n donasie van £10 te gee aan die boerevereniging vir die organisasie van die boereweek wat staan gehou te word, en 'n donasie van £3 vir die skoolsport wat in daardie week sal plaasvind.

## SPREUK

Om te sukkel is nie 'n teken van mislukking nie. – J. Combrink.

## 90 Jaar gelede

NOORDWESTER: 1934. Sover ons verneem is Vrydag ll die kontrak geteken tussen die Calvinia Afdelingsraad en die here Joubert en Richardt vir die bou van die beide brûe naamlik die een oor die Oorlogskloofrivier naby die dorp en die ander oor die rivier by Koppieskraal. Die hoop bestaan om teen Maart 1938 beide brûe klaar te hê.

BETROUBARE WEERVOORSPELLINGS AS DIE REËN WEGBLY

# Langasem, 'n koggelmander, dooie muishond of skilpad?

*Geagte Leser,*

Dit word dikwels gesê dat 'n boerdery soos 'n besigheid bestuur moet word. Daar is sekerlik waarheid in so 'n stelling. Tog verskil boerdery van ander besighede in 'n belangrike opsig. Behalwe vir die normale risiko's van besigheid het boerdery 'n verdere risiko. Of laat ons sê: In die area waarin ons 'n bestaan maak, is die risiko van droogte 'n addisionele en deurslaggewende risiko. Dit bly ondenkbaar dat dit so lank so droog op sommige plase kan wees. Dit is 'n situasie wat uiters moeilik is om te hanteer.

Dit is moeilik om met 'n boer daaroor te praat. Dit is moeilik wanneer hy sê dat hy niks het waarmee hy nou geld kan maak nie. Sy ooie is skraal en hy kan nie anders nie, hy moet voer koop. Dit is sulke tye wanneer ons vashou aan die hoop dat dit binnekort sal reën. Dikwels hoor 'n mens in gesprekke; Kan jy nog onthou. In 1996 het dit eers Juliemaand gereën en kyk hoe wonderlik het die jaar geëindig. Die winter het laat begin, maar die reën het tot laat aangehou. Al is 1996 so ver as 28 jaar gelede. Waaraan anders kan ons vashou as wat in die verlede gebeur het?

Wat dit verder bemoeilik is die feit dat voorspellings oor die weer so onbetroubaar is. Enkele weke gelede het 'n geloofwaardige bron gesê dat die verwagting is dat die winterreën gemiddeld of bo-gemiddeld sal wees. Op die oomblik lyk die voorspellings anders en weet 'n mens nie wat om daarvan te maak nie.

Dit laat 'n mens amper terugverlang na prof. Peet Pienaar wat sy voorspellings op verskynsels in die natuur gegrond het. Miskien sal dit dalk beter wees om self na verskynsels in die natuur te kyk. Wanneer laas het u in die vroeg-oggend die geroep van die lang-asem gehoor? Moenie vergeet van die bloukop koggelmander wat bo in die bos sit nie. En let tog op, hy moet noord kyk. Wat jou onrustig moet maak is 'n blou muishond wat in die pad doodlê. Dit is 'n seker teken dat die seisoen swak sal wees.

Hoe maak ons nou as die langasem nie roep nie, as die koggelmander nie bo in die bos sit nie en as daar boonop 'n muishond in die pad doodlê? Gaan ons in sak en as sit, of gaan ons hoop op 1996?

Is daar dalk iemand wat kan help met die skilpaaie? Ek het onlangs twee skilpaaie gekry wat op hul stadige manier oor die pad loop. Dit op sig self beteken dalk nie iets nie, maar wat beteken dit as hul albei afdraande loop?

*Groete, Japie.*

## DELTA PRIMêR

GEORGE VAN LILL (links) oud-skoolkomiteelid in Dennis McGail se tyd as onderwyser by Delta Primêr, Dennis McGail (oud-onderwyser) saam met Xolile Ngyathu huidige hoof van Delta Primêr op Vosburg. – AF.



LATEGAN'S
sementwerke • cement works
SEDERT 1954 SINCE

*Vervaardigers van*

**• blokke, stene, plaveistene • randstene**
**• mengbeton • waterkanale, ens**

SABS APPROVED

*Jou langtermyn betonvennoot*

021 873 1154 • sales@lategans.co.za • www.lategans.co.za
Versaillesstraat 19, Wellington